



## Genesis 37, 39–45

Volg hierdie skakel om na die verhaal van *Josef en die bont baadjie* te **luister**.

Hier volg die storie van *Josef en die bont baadjie* as jy wil **saamlees**:

In die boonste kamer van 'n paleis staan daar 'n man by 'n venster.

Hy kyk uit oor 'n groot stad. Daar is 'n breë rivier wat blink in die son.

Sy wange is nat. Daar is strepe oor sy gesig waar trane afgeloop het.

Die man se naam is Josef.

En vandag, vandag, het iets onmoontliks gebeur. Iets wat hy nooit gedroom het ooit sou kon gebeur nie.

Maar voor ons jou van vandag vertel, moet jy eers weet hoe dit alles begin het. Want hierdie storie wat Josef nou hier by die venster onthou, is 'n láng storie.

Dit het lank gelede begin. In 'n ander land. Ver, ver van hierdie paleis af. Toe Josef nog 'n seun was.

Josef het saam met sy pa Jakob gebly, en saam met sy elf broers. Ja, elf van hulle! Tien ouer broers en een kleintjie met die naam Benjamin.

Hulle was 'n boer-familie. Hulle het skape opgepas. Hulle het tente opgeslaan. Hulle het van die een grasveld na die volgende getrek, sodat die diere kos kon kry om te eet.

Maar Josef was die soort boetie wat baie ouer broers en susters ken. Hy was 'n klikkiebek.

Dink net: Tien groot, sterk, harige broers is heeldag uit in die veld om skape op te pas. Hulle werk hard. Hulle word warm en sweterig. Hulle word vies vir mekaar. En tussen hulle, kom loop 'n tiener outjie rond om skoor te soek. Hy loer hulle die hele tyd af en hou dop wat hulle verkeerd doen.

En in die aand, wanneer almal terug by die tente is, dan stap Josef met 'n ernstige gesig na sy pa toe.

“Pa! Pa, ek moet vir Pa iets vertel.”

“Wat is dit, Josef?”

“Pa, Ruben-hulle het vandag gaan slaap onder die bome, in plaas daarvan om die skape op te pas.”

“O. Ek sal met hom praat.”

“En Pa? Pa moet ook weet, hulle was nie lus om tot by die goeie weiveld te stap nie. Hulle het gesê dit is te ver.”

“O. Goed.”

“O ja, Pa, en…”

“Dankie, Josef.”

Dit het elke aand gebeur. Élke aand. Wat dink jy het die broers daarvan gedink?

En elke keer as Josef teruggestap het van Pa se tent af, het tien paar oë hom dopgehou. En nie een van daardie tien paar oë was vriendelik nie.

Op 'n dag het Pa Jakob vir Josef geroep, met 'n verrassing in sy hande. 'n Baadjie. Maar dit was nie sommer enige baadjie nie.

Hierdie baadjie was lánk, amper tot by Josef se enkels. Met láng moue. En kleure. Sjoe, die kleure! Rooi en blou en geel en groen, alles deurmekaar geweef in die mooiste patrone. Soos 'n stuk reënboog wat iemand toegevou en gegee het.

Josef het dit aangetrek. Dit het perfek gepas. Hy het gevoel soos 'n prins!

Maar daardie baadjie was nie werksklere nie.

Sy broers moes elke dag uitgaan veld toe. Hulle moes loop in die son en die wind en die stof. Húlle klere was werksklere. Amper soos oorpakke. Vol stowwerige kolle, gemaak om vuil te word.

Maar Josef se nuwe baadjie was 'n baadjie wat gesê het: hierdie kind moenie werk soos die ander nie.

Toe Josef die volgende oggend aangetrek het en uitgestap het, het tien paar oë weer gekyk.

En hierdie keer was die oë nie net onvriendelik nie. Hulle het gegluur!

Een nag droom Josef iets vreemd. Hy sien hulle is op die lande, en almal bind gerwe. Jy weet, daardie groot bondels koring. Josef se gerf staan regop in die middel. En toe begin sy broers se gerwe voor sy gerf buig!

Soos mense wat buig voor 'n koning.

Toe Josef die volgende oggend wakker word, was hy baie opgewonde oor sy droom.

Hy het reguit na sy broers toe gestap, met sy mooi bont baadjie aan, en hy het gesê: “Julle spulletjie daar! Kom hoor net hierso wat ek gedroom het!”

En toe vertel hy hulle die hele droom. Met alles wat in die droom gebeur het. Die gerwes. Die buig. Alles.

Sy broers het hom aangekyk. Stil. Vir 'n láng tyd.

En toe sê Ruben, die oudste, baie stadig: “Wil jy dan nou ons koning wees, Josef?”

En al tien van hulle het hulle koppe geskud en met groot treë weggestap.

'n Paar nagte later het Josef nóg 'n droom gehad. Hierdie keer het die son en die maan en elf sterre voor hom gebuig.

Josef het dit sowaar weer vir álmal vertel. Vir sy pa ook. En selfs Pa Jakob het hierdie keer Josef so 'n bietjie skeef aangekyk en gevra: "Moet ek en jou ma en jou broers dan voor joú kom buig, Josef?"

Pa Jakob het dit nie kwaad gesê nie. Maar die broers het Josef van toe af nie meer net stil aangekyk nie. Hulle kon hom nie meer verdra nie.

En toe kom die dag wat alles verander het.

Die broers was ver weg by 'n plek wat Dotan genoem is. Hulle het na die skape gekyk. Dit was 'n hele paar dae se loop van die huis af.

En Pa Jakob het Josef geroep. "Josef, my seun. Gaan kyk 'n bietjie hoe dit met jou broers gaan."

En Josef was gereed om weer lekker te klik oor wat hulle alles verkeerd doen. Hy het sy spesiale baadjie aangetrek en parmantig uitgestap. Met daardie baadjie. Op pad na Dotan toe.

Hy loop oor heuwels. Hy loop deur valleie. En toe, op die laaste heuwel voor Dotan, sien hy sy broers ver in die veld.

Hulle sien hom ook.

Hy waai.

Hulle waai nie terug nie. Hulle draai na mekaar toe en fluister.

Josef loop nader. En nader.

En toe, voor hy mooi weet wat gebeur, storm hulle op hom af. Almal saam.

Hulle gryp die baadjie. Hulle trek dit van hom af. Hulle skeur dit per ongeluk terwyl hulle stoei.

En hulle gooi hom in 'n diep, diep gat. 'n Ou put in die grond, waar daar lank gelede water was. Maar nou is dit droog. En diep. En donker.

Josef staan onder in die put.

Hy kyk op. Bo, ver bo hom, is daar 'n klein stukkie hemel. Net so groot soos die opening van die put. Net daardie sirkeltjie blou. Niks anders nie. Net klippe rondom hom. En koel, klam grond onder sy voete.

Hy roep sy broers se name.

"Ruben! Asseblief! Juda!"

Maar daar kom geen antwoord nie.

Hy hoor net hulle stemme bo. Hulle eet kos. Hulle gesels. Hulle lag en maak grappies.

Dink net hoe dit moes gevoel het. Om in daardie put te staan en te hoor jou eie broers eet kos terwyl hulle weet jy is alleen hier onder.

En in daardie diep, donker put, het Josef gewonder.

Hy het gewonder waar sy pa was. Hy het huis toe verlang.

En dalk het hy ook gewonder waar God was.

Want hier is hy nou. In die donker. Onder die grond. Sonder sy mooi baadjie. Sonder sy familie. Met net 'n sirkeltjie hemel ver bo hom.

Hier, op die slegste plek waar hy nog ooit was… Was God dalk ook hier?

Josef het nie geweet wat oomblikke later sou gebeur nie.

Hy het nie geweet reisigers met kamele sou verbykom op pad na Egipte toe nie. Hy het nie geweet sy broers sou hom uit die put uit haal en hom verkoop aan die handelaars op die kamele nie.

Hy het nie geweet dat hy nooit weer sy huis sou sien nie.

Maar dit is wat gebeur het.

Josef het na Egipte toe gegaan. Soos 'n pakkie wat aan iemand vreemd verkoop is.

En in Egipte het hy gewerk. En geleer. En grootgeword. En oor baie, baie jare het hy 'n belangrike man geword. Hy het só belangrik geword, dat hy in 'n paleis moes woon. So belangrik, dat ander mense voor hom kom buig het.

Onthou jy die paleis waar ons begin het? Met die man met die trane oor sy wange?

Daardie paleis is sy paleis.

Dis hoe Josef daar gekom het.

So daar staan hy nou. By sy venster. Met strepe oor sy wange.

Want vandag het iets onmoontliks gebeur. Vandag, ná baie, baie jare, het sy broers hier aangekom. Al tien van hulle. En Josef het hulle gesien. En hy was baie baie bly daaroor.

Maar wat in daardie kamer gebeur het tussen Josef en sy broers, wat hy gesê het, en hoe hulle gehuil het, en hoe alles verloop het, dis 'n hele ander storie. Vir 'n ander dag.

Vandag se storie eindig hier.

Met 'n man by 'n venster. Wat onthou hoe hy eendag 'n klein klikbek was met 'n bont baadjie aan. Hoe hy in 'n diep, donker put gestaan het, alleen, en gewonder het waar God was.

Josef weet vandag iets wat hy nie geweet het toe hy in die put gestaan het nie. [Pouse]

Was God by Josef in die put?

Wat dink jy?

## Vir ouerharte

Die verhaal van Josef begin in Genesis 37 en gaan voort tot in Genesis 50. Hierdie episode fokus op Josef as jong seun, sy bont baadjie, sy drome, sy broers se jaloesie en die dag toe hy in die put beland het. Die ankerteks is Genesis 45:4–8, waar Josef baie jare later vir sy broers sê: "*Julle het my verkoop, maar God het my voor julle uit gestuur om lewens te red.*"

Dit beteken nie dat wat die broers gedoen het reg was nie. Hulle jaloesie, haat en wreedheid het Josef diep seergemaak. Tog leer Genesis ons om terug te kyk en **God se hand raak te sien**. Toe Josef in die put was, het hy waarskynlik net donkerte, klippe en 'n klein stukkie hemel gesien. Later kon hy verstaan: **God was selfs daar besig om sy beloftes te dra**. Hierdie verhaal help kinders om te hoor dat God by ons is, ook wanneer ons bang, alleen of vergete voel.

## Wat hierdie storie vir kinders wys

- God is by Josef in die donker put. Selfs toe Josef alleen gevoel het, was God se verhaal nog nie klaar nie.
- God kan deur moeilike dinge lewe bring. Josef se pad na Egipte het later kos, veiligheid en ’n nuwe begin vir baie mense gebring.
- Slegte keuses maak mense seer. Josef se broers moes later leer om eerlik te wees oor wat hulle gedoen het.

## Gesels met jou kind

Jy hoef nie die hele Josefverhaal op een slag te verduidelik nie. Begin by die gevoel van die storie:

- Hoe dink jy het Josef gevoel toe hy onder in die put was?
- Het jy al ooit alleen of uitgesluit gevoel?
- Wat dink jy beteken dit dat God by Josef was, selfs toe Josef dit nog nie kon sien nie?
- Wat kan ons doen as ons jaloers op iemand anders voel?

## ’n Dieper gedagte vir ouers

Kinders kan maklik hoor: “Alle slegte goed wat gebeur, gebeur omdat God dit so wou hê.” Dit is nie hoe ons hierdie verhaal eenvoudig moet oordra nie. Genesis bind twee waarhede saam. **Josef se broers het verkeerd opgetree**. Hulle het regtig seergemaak en hulle moes later verantwoordelikheid neem. **Tog was God groter as hulle sonde**. Hy kon lewe deur die donker pad van Josef bewaar.

Dit is belangrik om nie kinders te leer dat pyn sommer maklik “goed” is nie. Josef se put was regtig donker. Sy trane was regtig. Sy verlange huis toe was regtig. Die troos lê daarin dat **God Josef nie verlaat het nie**. God was by hom in die put, in Egipte, in die tronk en later in die paleis. Hierdie verhaal gee vir ouers ’n eenvoudige taal om met kinders te praat oor moeilike dae: “Ek weet dit voel donker. Ek weet ons verstaan nie alles nie. Maar God is by ons en God se storie is nog nie klaar nie.”

